

Dinsdag 22 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 1:19-27

Fokusgedeelte: Jakobus 1:19-27

As die woord van die waarheid jou lewend gemaak het, kan jy nie stil sit nie!

Dit was die wil van God dat sy uitverkore kinders lewend gemaak moet word deur die woord van die waarheid. Hóé maak God ons lewend deur die woord van die waarheid? Hy doen dit deur die prediking, en wanneer ons onder die prediking kom, moet ons dit met 'n sekere gesindheid doen: gewillig luister, nie te gou praat en myself wil verweer nie, en nóg minder *onheilige* toorn koester wanneer ek tereg wys of tereggewys word. Dít is onkruid wat die ingeplante woord verdring en die groei daarvan in jou lewe inperk, en dit moet uitgeruk word!

Daarmee saam moet die ingeplante woord aangeneem word – dit moet in jou lewe van elke dag deurwerk: jy moet dit hoor, glo en dóén in 'n gees van sagmoedigheid. Dán eers kom daar lewe! Dán eers kan jy louter vreugde beleef te midde van beproewings en versoekings! Dán kan jy volhard uit liefde vir die Here.

Om net onder die prediking te kom en dit dan van jou skouer af te borsel of daarvan kennis te neem, is loutere selfbedrog en jou reaksie in tye van beproewing en versoeking sal dit uitwys. Meer nog: hierdie selfbedrog, wanneer jy níé die gepredikte woord in sagmoedigheid aanneem nie, kan nie red nie. Die woord wat lewend maak, verander jou hárt, en vanuit jou hárt doen jy dit waartoe die woord van die waarheid jou onder die prediking oproep. Dan sal dit nie moeite wees om jou tong in toom te hou nie (vs 26), of wees-kinders en weduwees in hulle beproewing by te staan, of jou van die besmetting van die wêreld skoon te hou nie (vs 27).

Wartoe het die prediking wat jy Sondag gehoor het, jou opgeroep? Is jou hart deur die woord van die waarheid aangeraak? Bewys dit deur te gaan dóén!

Sing: Psalm 40-1:4

Ds. JC (Jannes) van Dyk (Ventersdorp)